

**17 OKTOBER**

**SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: OPENBARING 8:1-5**

**Kragtige gebede versprei 'n lieflike geur en 'n doodsreuk!**

Wil jy dat jou gebede 'n kragtige uitwerking moet hê? Dan moet ons gebede 'n lieflike geur én 'n doodsreuk versprei. Dit moet 'n aangename reuk tot God laat opstyg. Johannes sien in sy visioen 'n engel wat by die reukofferaltaar staan en die gebede van die gelowiges saam met die wierook laat opstyg tot by God se troon in die hemel. So raak ons gebede vermeng met God se werk. So raak ons gebede vermeng met die versoening in Jesus Christus en met die ondersteunende werk van die Gees, soos vir ons beskryf word in Romeine 8. Ons moet in die geloof bid. So sal ons die Here gunstig stem teenoor wat ons bid. Dan sal ons gebede 'n kragtige uitwerking hê.

Maar ons moet ook met ons gebede 'n doodsreuk versprei. Daar moet vernietiging uit voortkom. So geweldig is dit dat daar selfs vir 'n tyd lank stilte in die hemel kom. Geskok moet selfs die hemelwesens besef watter ontsettende dinge gaan gebeur in antwoord op ons gebede. Met dieselfde pan waarmee die engel die wierook saam met ons gebede aan God geoffer het, skep hy nou kole op van die altaar en gooi dit op die aarde uit. Eers as ons gebede deur die Here verander en versterk word, gebeur geweldige dinge. God sal nou ook sy oordele oor die aarde uitstuur soos dit voorgestel word deur die sewe engele wat op die basuine blaas met die oopmaak van die sewende seël. Verskriklike rampe sal die ongelowiges tref. Lees maar Openbaring 8:6 en verder.

As jy in die geloof bid, gebeur ontsettende dinge. Jou gebede werk tot verheerliking en tot veroordeling. Dan bid jy kragtig. Moenie ophou of terugdeins om te bid nie. God gebruik ook jou gebede om sy raadsplan te volvoer.

*Sing: Psalm 141: 2 (1936-beryming) of Psalm 61:4 (1936-beryming)*

*Ds Garrie Schutte (Krugersdorp-Oos)*